“Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid.”
(Heb. 13:8)

OMSENDBRIEF Oktober 2017

Hartlike groete aan alle ware bybelgelowiges in alle lande en tale in die kosbare en heilige Naam van onse HERE Jesus Christus, met die skrifgedeelte vanuit 1Timothéüs 6: 14-15:

> *“Dat jy die gebod onbevlek, onberispelik bewaar, tot by* ***die verskyning van onse HERE Jesus Christus****: Wat op sy eie tyd vertoon sal word, deur* ***die salige en enigste Heerser, die Koning van die konings en HERE van die here ...”***

Dit is een van die belangrikste skriftgedeeltes ten opsigte van die opdrag wat deur God gegee is voor die wederkoms van Christus. Hier handel dit oor die vervulling van 'n goddelike opdrag voor die verskyning van ons HERE Jesus Christus, wat uitgedra moet word, verhewe bo alle berisping en vlekkeloos.

Daar is geen roeping sonder 'n opdrag en geen opdrag sonder 'n roeping nie. Is dit moontlik om 'n goddelike opdrag uit te voer? Inderdaad ja, met God se hulp, is dit moontlik. Daar word van Noag geskryf in Génesis 6:22, dat hy alles gedoen het, presies soos God hom beveel het. Moses en Aaron het ook presies dieselfde gedoen soos hulle beveel was (Exo. 7:6, 10, 20). Elia kon sê, *“God van Abraham, Isak en Israel, laat dit vandag bekend word* ***dat U God in Israel is, en ek u kneg, en dat ek al hierdie dinge op u woord gedoen het”*** (1Kon. 18:36).

Wat sy bediening betref, kon Johannes die Doper verwys na Jesaja 40:3: ***“Ek is die stem van een*** *wat roep in die woestyn: Maak die pad van die HERE reguit! soos Jesaja, die profeet, gesê het”* (Joh. 1:23). Die HERE Self het die volgende oor hom gesê: ***"Want dit is hy van wie daar geskrywe is (Mal. 3:1):*** *Kyk, Ek stuur my boodskapper voor u aangesig, wat u weg voor U uit sal regmaak”* (Matt. 11:10).

Wanneer ookal die HERE self 'n spesifieke opdrag gee wat gekoppel is aan die Plan van Verlossing, dan verleen Hy ook genade en krag sodat dit presies uitgevoer kan word.

Paulus het getuig: ***"Daarom ... was Ek aan die hemelse gesig nie ongehoorsaam nie*** *... maar omdat ek hulp verkry het van God, staan ek tot vandag toe en getuig aan klein en groot,* ***en spreek niks buiten wat die profete en ook Moses gesê het dat sou gebeur nie ..."*** (Hand. 26:19 + 22).

Die verklaring ***"niks buiten"*** is baie belangrik, want vanaf die eerste vers in die Nuwe Testament, gaan dit oor die vervulling van alle profesieë en beloftes van die Ou Testament. Onse HERE het dit bevestig na Sy glorie-ryke opstanding: *"Dit is die woorde wat Ek het met julle gespreek het toe ek nog by julle was, dat alles wat oor My geskrywe is in die* ***wet*** *van Moses en die* ***profete****, en die* ***psalms****,* ***vervul moet word****"* (Luk. 24:44).

Nou, in ons tyd, moet alles wat voorspel was vir die tydperk vóór die wederkoms van Christus, tot vervulling kom, insluitende die belofte wat God in Maleági 4: 4-6 gegee het: *"****Kyk, Ek stuur julle die profeet Elia ...****"*. Na die bediening van Johannes die Doper, bevestig die HERE in Matthéüs 17:11 en Markus 9:12 dat hierdie belofte nog vervul moes word: "***En Jesus antwoord en sê vir hulle: Dis waar, Elia kom eers en sal alles herstel …****"*. Dit het gebeur deur die unieke bediening van William Branham. Hy het die suiwer boodskap, wat uitsluitlik op die Bybel gebasseer was, gelewer aan die volk van God, soos dit aan hom vanuit die bonatuurlike lig op 11 Junie, 1933 aangekondig was. Ook die opdrag wat die HERE hom op 7 Mei, 1946 gegee het, naamlik om die Evangelie te verkondig aan die nasies, terwyl hy toegerus was met die gawe van goddelike genesing, was dienooreenkomstig deur hom uitgevoer.

Net so, het ek ook gedoen wat die HERE my beveel het toe Hy my op 2 April, 1962, geroep het tot Sy diens. Ek het die Woord van God verkondig (2Tim. 4: 1-5) en die geestelike voedsel uitgedeel (Matt. 24: 45-47), soos ek beveel was. In 1Korinthiërs 4: 1-2, skryf die apostel Paulus met verwysing na sy opdrag: *"So moet ons dan beskou word as*

dienaars van Christus en bedienaars van die verborgenhede van God. En verder word van die bedienaars vereis ***dat hulle getrou bevind moet word"***. Dit is nou die tyd, voor die wederkoms van Christus, waarin die reine, die volle, die geopenbaarde Woord, die hele Raad van God verkondig word. In Efésiërs 5 het Paulus instruksies gegee vir die praktiese lewe van die verlostes en wys wat Christus se Werk van Verlossing behaal in die gelowiges wat elke lering van die Woord aanvaar: ***"… om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord …"*** (Efé. 5:26). 'n Bad in die Woord van God, totdat daar geen vlek, geen blaam oorbly nie, is net so nodig soos die totale vergifnis, versoening en regverdiging deur die bloed van Christus (Rom. 5:9). Die finale bediening moet die evangelistiese, die leerstellige en die profetiese dele insluit. Dit moet blaamloos voor God wees sodat die HERE die volgende kan vervul: "***Sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees"*** Efé. 5:27). Ja, die resultaat van die laaste Woord-boodskap sal wees dat die Bruid-gemeente 'n suiwer Woord-Bruid word, sonder gebrek.

Aanvanklik gaan dit om die gelowiges uit die verwarringe van al die godsdienste uit te roep. Dit is 'n bevel van die HERE: *"Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die HERE, en raak nie aan wat onrein is nie …"* (2Kor. 6: 14-18). Dan volg die heiligmaking in die Woord van die waarheid (Joh. 17:17), waarvoor onse HERE gebid het: ***"Heilig hulle in u waarheid;*** *u woord is die waarheid"*. **Die orde van die dag** is die voorbereiding van die ware gelowiges vir die Wegraping by die wederkoms van Christus, *"wat* ***op sy eie tyd vertoon sal word*** *deur die salige en enigste Heerser, die Koning van die konings en HERE van die here …"* (1Tim. 6:15). **Die tyd is naby!**

"Sodat Hy julle harte kan versterk om ***onberispelik*** *te wees in heiligheid voor onse God en Vader by die wederkoms van onse HERE Jesus Christus met al sy heiliges"* (1Thes. 3:13).

Paulus het geskryf: *"Maar ons moet God altyd oor julle dank, broeders wat deur die HERE* bemin word, ***dat God julle van die begin af verkies het tot saligheid in heiligmaking van die Gees en geloof in die waarheid"*** (2Thes. 2:13). Amen.

Broer Branham het in sy preek op 25 November, 1965 gesê:

"Julle is die suiwer, deugsame, sondelose Bruid van die Seun van die lewende God. Elke man en vrou wat uit die Gees van God gebore is, en gewas is in die bloed van Jesus Christus en elke Woord van God glo, staan asof jy in die eerste plek nooit gesondig het nie. Jy is volmaak deur die Bloed van Jesus Christus ..." Amen.

As iemand Byvoeg of Wegneem ...

Tydens die groot internasionale byeenkoms in Brussels op 11 Junie, 2017, het ons die opdrag aan broer Branham op 11 Junie, 1933 onthou.

Op 12 Junie, 2017, het ek my gesprek met Brother Branham op 12 Junie, 1958, in Dallas, Texas onthou. Aan die einde van daardie konferensie, het hy gesê, "Broer Frank, jy sal terugkeer na Duitsland met hierdie boodskap".

Na ons gesprek in Dallas, het broer Branham reg aan die begin van sy preek 'WE WOULD SEE JESUS' gesê: **"Net nou het 'n man uit Duitsland sy arm om my gelê, net nou, waar ons elke aand**

gemiddeld tien duisend bekeerlinge gehad het: vyftigduisend in vyf aande". In die loop van hierdie preek, hy het ook gepraat van die bonatuurlike lig wat gefotografeer was op verskillende plekke en gesê: **"Hier is 'n man van Duitsland, hier nou op hierdie oomblik, wie daar was toe die kamera drie keer dit opgeneem het"**. Die foto, wat geneem is by 'n vergadering van predikers, met die lig bo broer Branham, kan gesien word op die internet. Ja, ek was 'n oog- en oorgetuie van sy spesiale bediening.

Weens die feit dat veranderinge met ernstige gevolge gemaak was aan die opdrag wat op 11 Junie, 1933 gegee was, sal ons weer die presiese bewoording noem sowel as die gewysigde weergawe ter vergelyking.

Die oorspronklike: **"Net soos Johannes die Doper gestuur was om die eerste koms van Christus vooruit te gaan, sal die boodskap wat aan jou gegee is, die voorloper van die wederkoms van Christus wees".**

Broer Branham herhaal die presiese woorde wat vanuit die bonatuurlike wolk gespreek was 'n totaal van 55 keer, en, sodat al die uitverkorenes dit ernstig moet opneem en glo, het hy die volgende beklemtoon op 10 Februarie, 1960, en by 'n hele paar ander geleenthede: **"nie dat ek 'n voorloper sou wees nie, maar die boodskap was die voorloper".**

Ongelukkig was 'n verkorte weergawe versprei kort na broer Branham se heengaan na glorie: **"Soos Johannes die Doper gestuur was as voorloper van die eerste koms van die HERE, so word jy gestuur om Sy tweede koms vooruit te gaan"**. Die belangrikste woord, "boodskap", is weggelaat. Daarom moet dit weereens beklemtoon word dat niemand die reg het om die presiese woorde van die opdrag te verander nie.

Op 7 Mei, 1946, het 'n hemelse boodskapper broer Branham besoek en gesê: **"Moenie vrees nie, want ek is gestuur vanaf die teenwoordigheid van die Almagtige God ... om jou te vertel dat jou buitengewone geboorte en lewe 'n aanduiding is dat jy 'n gawe van goddelike genesing moet neem na die mense van die wêreld".**

Dit herinner ons aan Lukas 1:19, toe die engel by Sagaría aangekom het en die geboorte van Johannes die Doper aangekondig het: *"Ek is Gabriël, wat voor God staan, en ek is gestuur om met jou te spreek en jou hierdie goeie tyding te bring"*.

Albei opdragte wat aan broer Branham gegee was, moet geplaas word in hul goddelike orde volgens die Skrif: die eerste een was verbind met die boodskap wat die tweede Koms van Christus sou vooruitgaan; die tweede opdrag was met verwysing na sy evangelisasie bediening. Albei opdragte is uitgevoer deur die man wat van God gestuur is. Nadat hy die goddelike bemagtiging en die gawe van genesing ontvang het, het broer Branham die vastelande deurkruis en in evangelisasie vergaderings gepreek in verskillende lande. Soos dit gebeur het in die bediening van ons Verlosser, het spontane genesings plaasgevind in die vergaderings van broer Branham: Die blindes kon weer sien; die verlamdes kon weer loop en die dowes kon hoor. Dit is die manier waarop die wêreldwye genesings-herlewings in 1946 begin het. Dit is op rekord – ten minste 280 keer – dat terwyl hulle voorberei het om vir die siekes te bid, broer Branham verwys het na wat onse HERE gesê het in Johannes 5:19: *"… Die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie …"*. Hy het ook in visioene gesien wat God sou doen en het dit aan elke persoon in die gebedslyn vertel en dit bevestig met SO SPREEK DIE HERE. Ek het dit persoonlik in die byeenkomste aanskou.

God het op so 'n manier gelei dat ek van die begin af in staat was om alles wat betrekking het op die Raad van God, in die goddelike orde van die Skrif te kon plaas. Van die begin af was my absoluut die geskrewe Woord van God en dit sal vir ewig so bly. Die HERE Homself het my opdrag gegee om die Woord van God te verkondig net soos dit geskryf is. Die enigste besorgdheid ten opsigte van die boodskap is om net te verklaar wat die Skrif sê en om dit absoluut foutloos en onberispelik te verkondig.

Op 28 November, 1963, het broer Branham gesê: **"Jy moet nooit daardie Woord verlaat nie. Jy moet presies bly met die Woord, net soos dit geskryf is. Moenie jou eie uitlegging daaraan heg nie. Sê dit**

tog net soos dit geskryf is. Dit is God se Woord, en dit is God. God en Sy Woord is dieselfde, net dieselfde".

Op 19 September, 1965, beklemtoon hy in sy preek, **"Jy – jy moet nooit gaan vir enigiets nie, tensy dit die presiese Woord van God is. Jy moet net presies met die Woord bly".**

Ongelukkig, tesame met die voortsetting van die verkondiging van die ware Woord, volgens God se opdrag, was daar dadelik ook verskeie interpretasies bekendgestel wat verskillend was. Broeders wat verwys het na broer Branham, het daarin geslaag om hul eie interpretasie as geloofwaardig aan te bied en so dissipels weggelok om hulle te volg (Hand. 20:30). Verklarings van die profeet word geïnterpreteer en aangebied as leerstellinge. Dit het veroorsaak en veroorsaak nog steeds dat nuwe groepe tot stand kom. Nie een keer het ek aan 'n bespreking deelgeneem oor enige van sy aanhalings nie, aangesien dit net tweedrag in die gemeente veroorsaak (Rom. 16:17).

Die tragedie lê nie in wat broer Branham gesê het nie – soms is dit swaar om te verstaan – maar in wat broeders doen met dit (2Pet. 3:16). Selfs wat broer Branham in die preek 'DIE WEGRAPING' gesê het, word verkeerd geïnterpreteer asof die HERE reeds begin neerdaal het met 'n geroep. Die wekroep in 1Thessalonicense 4 verwys na die opstanding van diegene wat in Christus gesterf het, nie na hulle wat nog lewe nie. By die wederkoms van Christus sal alles gebeur presies soos voorspel word in hoofstuk 4, vanaf vers 13 tot 18: ***"Want die HERE self sal** van die hemel neerdaal met 'n **geroep**, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die **basuin** van God**; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan**. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in die wolke weggevoer word die HERE tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die HERE wees"*. Oorweeg ook 1Korinthiërs 15: 45-58.

Die wekroep wat nou deur die boodskap uitgaan, is bedoel om die lewendes wakker te maak, volgens Matthéüs 25: *"Daar kom die bruidegom; Gaan uit hom tegemoet"*. (v.6). Al die maagde hoor die laaste wekroep en gaan dan uit om die Bruidegom te ontmoet.

In Matthéüs 13 vind ons die gelykenis van die man wat die goeie saad saai in sy land. In daardie gelykenis sê onse Verlosser: *"Maar terwyl die mense slaap, het sy vyand gekom en onkruid onder die koring gesaai en weggegaan"* (Matt. 13:25). Hy het die gelykenis soos volg verduidelik toe Hy met Sy dissipels praat: *"Hy wat die goeie saad saai, is die Seun van die mens, en die saailand is die wêreld. Die goeie saad – dit is die kinders van die koninkryk, en die onkruid is die kinders van die Bose ..."* (Matt. 13: 37-38).

Dit is presies wat in ons tyd gebeur: Eers was die goeie saad van God se Woord gesaai; toe het die vyand daarin geslaag om sy saad van interpretasies te saai tussen die koring. Dit het gebeur toe die maagde moeg geword het en in 'n geestelike slaap geval het. Maar die koring bly nietemin koring, en die onkruid bly ook wat hulle is. Die twee sade het ontstaan met Kain en Abel. Die een het gehaat, en die ander een was gehaat. *"Maar hy wat sy broeder haat, is in die duisternis en wandel in die duisternis en weet nie waarheen hy gaan nie omdat die duisternis sy oë verblind het"* (1Joh. 2:11; 1Joh. 3: 7-15). Daar kan gesê word dat iemand wat nie 'n broer soos Kain het nie, kan nie 'n Abel wees nie.

En in hierdie konteks vind ons ook die vermaning: *"As iemand die woord van die koninkryk hoor en nie verstaan nie, kom die Bose en roof wat in sy hart gesaai is …"* (Matt. 13:19). Dit is so baie belangrik om te glo en om elke woord te verstaan; andersins, sal die vyand ons van die ware saad beroof en sy interpretasie saai. Die HERE het Sy dissipels gevra: *"Het julle ál hierdie dinge verstaan? Hulle antwoord Hom: Ja, HERE"* (Matt. 13:51).

Wie kan eerlik antwoord met 'n "Ja", selfs vandag? Wie het werklik alles verstaan wat deur 'n goddelike opdrag en in ooreenstemming met die Woord van God gepreek en geskryf is? Wie se oë en ore kan deur die HERE geproklameer word as geseënd? Dit is duidelik dat al die maagde wat wag vir die koms van die bruidegom uiteindelik aan die slaap geraak het. Hulle het toe almal wakker geword, maar net die wyses het aan die slaap geraak met die saad van die Woord en toe ook wakker geword daarmee. Aangesien hulle hul kanne met olie saamgebring het en daardeur uit die volheid van die Heilige Gees kon skep, was hulle gereed om die bruilofsmaal binne te gaan. Die dwases het na

die interpretasies van die vyand geluister en was bedrieg (2Kor. 11: 3-4); hulle sal tevergeefs klop aan die geslote deur (Matt. 25: 11-13).

Die HERE spoor ons aan om veral waaksaam te wees ten opsigte van Sy koms: *"Waak dan, omdat julle nie weet watter uur julle HERE kom nie"* (Matt. 24:42).

*"**Die HERE vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie**, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet verlore gaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom"* (2Pet. 3:9).

Hierdie Skrif weerlê duidelik die valse leerstelling dat die tyd van genade tot 'n einde gekom het en die bloed nie meer op die versoendeksel is nie. Deur die genade van God leef ons nog in die dag van verlossing (2Kor. 6:2); die HERE roep nog steeds tot bekering; Hy roep die gelowiges uit alle geestelike verwarring uit. Die valse leraars, wat hul eie interpretasies gee ten opsigte van wat broer Branham verkondig het, word net gehoor deur die dwase maagde. Dit moet hier weereens beklemtoon word: Laat alles net soos dit gesê was! Moet niks by die geskrewe Woord van God voeg nie!

Onder die leiding van die Heilige Gees, het broer Branham al die verborge geheimenisse geopenbaar. Sy unieke en buitengewone bediening, waarvoor ons God dankbaar is, is ten volle uitgevoer. Hy het werklik die openbaring van alle dinge ontvang aangaande die Plan van Verlossing: die Godheid, die doop, die Nagmaal, wat regtig gebeur het met die sondeval in die Tuin van Eden – die volledige openbaring van alle dinge, insluitend die sewe seëls, was aan hom gegee.

Die magtige ervaring wat broer Branham op 28 Februarie, 1963, gehad het toe die bonatuurlike wolk verskyn het en sewe magtige donderslae, vergesel van 'n aardbewing, die hele gebied by Sunset Mountain laat skud het, was vir hom van besondere belang ten opsigte van die opening van die sewe seëls; daarom het hy gereeld na dáárdie sewe donderslae verwys. Die sewe donderslae in Openbaring 10:3 sal egter net hul stemme laat hoor wanneer die Engel van die Verbond neerdaal, omring deur 'n reënboog.

Nie een van die dinge wat in die sewe seëls geskryf is, het eintlik gebeur terwyl broer Branham in Maart 1963 oor dit gepreek het nie.

Die Lam het nie in Maart 1963 die troon verlaat nie; die Bloed van die Nuwe Verbond is nie vanaf die versoendeksel uit die Allerheiligste verwyder nie. Broer Branham het net herhaal wat die apostel Johannes op die eiland Patmos gesien en neergeskryf het en gepreek oor dit wat daaroor aan hom geopenbaar was.

Hy kon die ruiters in die eerste vier seëls presies identifiseer en skriftuurlik plaas as die Antichris in sy vier stadiums van ontwikkeling, wat op vier verskillende perde ry, soos hy parallel met die nuwe-testamentiese Gemeente beweeg het.

Broer Branham kon wys dat die vyfde seël gaan oor die Joodse martelare wat ‘n oproep vir wraak maak. In hierdie konteks het hy selfs Adolf Eichmann genoem, wie hoofsaaklik verantwoordelik was vir die moord op die ses miljoen Jode tydens die Holocaust.

Die profeet het ook die sesde seël korrek geplaas (Openb. 6: 12-17), naamlik in die tyd van die verdrukking, want dit is wanneer die Dag van die HERE aanbreek, die son in duisternis verander en die maan in bloed (Joël 2:31; Hand. 2:20).

Openbaring 7: 1-8 gaan oor die 144,000 Jode uit die twaalf stamme van Israel wat verseël sal word. In verse 9 tot 17, word die groot, ontelbare menigte van alle nasies getoon, wat almal deur die groot verdrukking kom en hul klere was in die bloed van die Lam.

By die aankondiging van die sewende seël in hoofstuk 8, verskyn sewe oordeels-engele voor die troon van God en hulle word sewe basuine gegee om die oordele op die aarde te gooi. In hoofstukke 8 en 9, sien ons wat op aarde gebeur tydens die ses basuin-oordele. In hoofstuk 10 gee die Engel van die Verbond met 'n eed, die aankondiging, wat sal plaas sal vind wanneer die sewende oordeels-engel op sy basuin blaas (v.7), want, “*... dan is die **verborgenheid van God** volbring ...*”.

Die aankondiging in Openbaring 10:7 word getoon in die vervulling daarvan in hoofstuk 11:15 met die aanvang van die Duisendjarige Vrederyk: *“En die sewende engel het geblaas; en daar was groot stemme in die hemel, wat sê: **Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van ons HERE geword, en van sy Christus; en hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid!**”*

Die Resultaat van die Laaste Boodskap

*"Want ek is jaloers op jou met 'n goddelike jaloersheid, want ek het julle aan een man verbind**, om julle as 'n reine maagd aan Christus voor te stel**. Maar ek vrees dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Christus"* (2Kor. 11: 2-3).

Dit is inderdaad vreemd dat die apostel Paulus die bedrieging van Eva aanknoop met sy pogings om 'n reine maagd aan Christus te bied.

Broer Branham het die Gemeente en ook die Bruid in 'n visioen gesien. Hy was gewys hoe dat die Gemeente deur 'n heks gelei word en daar godsdienstige verwarring was. Hy het ook gesien dat die Bruid nie langer in pas met die Woord was nie, maar dan is hy ook gewys hoe sy haar regstelling ontvang en teruggebring word in pas met die Woord van God. Dit is wat wêreldwyd gebeur. Net soos in 'n natuurlike bad, word ons volkome gereinig in die Woord van God. Die ware Woord-boodskap sou nie tevergeefs uitgegaan het nie, maar dit sal in die Bruid-gemeente bereik dit waartoe dit gestuur was.

Die dwase kom tot 'n geestelike stilstand met die boodskapper wat ons almal die weg gewys het; die wyse maagde volg die Verlosser al die pad tot met die voltooiing. Die wyse maagde is dankbaar en bly want die getroue HERE het herhaaldelik met Sy dienaar gepraat met 'n hoorbare stem en direkte instruksies aan hom gegee (Matt. 24: 45-47). Die dwase bevraagteken die goddelike opdrag; soos Eva word hulle mislei en word die prooi van die sonde van ongeloof. Hulle bespot dit en is veragters van God en omseil wat God tans doen (Hand. 13:41). Die dwase glo dat die profeet sal terugkeer en baie ander sulke dwase dinge.

Die wyse en waaragtige verlostes glo in **die wederkoms van Jesus Christus**. Almal wat deel is van die Bruid-gemeente neem deel aan wat God tans op aarde doen. Die Bruid-gemeente, wat Christus met sy eie bloed gekoop het en wat gevul is met die Heilige Gees, word gereinig deur die waters van die Woord, van elke vlek in die vleeslike en in die geestelike en staan vlekkeloos voor God.

"… sodat Hy julle harte kan versterk om ***onberispelik*** *te wees* ***in heiligheid*** *voor onse God en Vader by die wederkoms van onse* HERE *Jesus Christus met al sy heiliges"* (1Thes. 3:13)

Deur die genade van God het ek getrou gebly aan die goddelike roeping en opdrag en kan getuig saam met die apostel Paulus: *"Maar omdat ek hulp van God verkry het, staan ek tot vandag toe en getuig aan klein en groot,* ***en spreek niks buiten wat die profete en ook Moses gesê het dat sou gebeur nie*** *…"* (Hand. 26:22).

My besorgdheid gaan oor die hoof-belofte vir die ware Gemeente, naamlik die Woord-boodskap, wat nog steeds die terugkeer van Christus vooruit gaan, sodat elke gelowige se persoonlike lewe sowel as die geestelike lewe in die Gemeente binne die goddelike orde teruggebring kan word. Die laaste boodskap voor die wederkoms van Christus is direk verbind met geloof en gehoorsaamheid sowel as afsondering en voorbereiding, en, soos broer Branham gesê het, tot volmaakte liefde en die geloof in elke Woord van God verbind. Dit is die werklike doel van die goddelike opdrag: om die harte van God se kinders terug te draai na die oorspronklike geloof van die apostoliese vaders reg in die begin, sodat die HERE Sy Bruid goed voorbereid kan vind.

Wat ons Verlosser in Handelinge 1:5 gesê het, is vandag nog vir ons geldig: *"Want Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word nie lank ná hierdie dae nie"*; ook dit wat die apostel Petrus op Pinksterdag, by die oprigting van die nuwetestamentiese Gemeente verkondig het (Handelinge. 2: 38-41): Bekering, geloof, die water doop en die doping deur die Heilige Gees.

Alles wat betrekking het op die natuurlike en geestelike, word ingesluit in die volledige herstel van die Gemeente van God. Elkeen wat werklik verlossing ervaar het en gekom het om verder te glo, aanvaar die goddelike orde, nie net vir die geestelike nie, maar ook vir die persoonlike lewe, insluitend die huwelik en familie. Ons glo en respekteer elke Woord van God, aanvaar elke korreksie en pas ons lewens aan in ware gehoorsaamheid tot elke Woord, ***"Want elkeen wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is, dié is my broer en suster en moeder"*** (Matt. 12:50). *"Daarom, doen afstand van alle vuiligheid en*

oorvloed van boosheid, en ontvang met sagmoedigheid die ingeplante woord, wat in staat is om julle siele te red" (Jak. 1:21). Al die ander kan doen wat hulle wil; die HERE Homself sal die uitspraak in hierdie verband by die Laaste Oordeel lewer.

Die volgende is van toepassing op die verlostes: ***"Vergader die volk vir My, en Ek sal hulle my woorde laat hoor ..."*** (Deut. 4:10; Ps. 50:5). Wie van God is, sal God se Woord hoor (Joh. 8:47); daarom die gebod: *"… gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die HERE, en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem; en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees,* ***spreek die HERE, die Almagtige****"* (2Kor. 6: 17-18).

Die apostel Petrus waarsku ons: *"Maar soos Hy wat julle geroep het heilig is,* ***moet julle ook in julle lewenswandel heilig word, omdat daar geskrywe is: Wees heilig; want Ek is heilig****"* (1Pet. 1: 15-16).

"Want die vrug van die Gees bestaan in alle goedheid, geregtigheid en waarheid; ***En beproef wat die HERE welbehaaglik is****"* (Efé 5:9-10).

*"****Maar die vrug van die Gees is*** *liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendlikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing. Teen sulke dinge is die wet nie"* (Gal. 5: 22-23). *"Aan hulle vrugte sal julle hulle ken"* (Matt. 7:16).

*"****Terwyl ons dan hierdie beloftes het****, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring"* (2Kor. 7:1).

"En onderwyl hulle gaan om te koop, het die bruidegom gekom. En die wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die bruilof, en die deur is gesluit" (Matt. 25:10).

"Laat ons dan vrees dat, ***terwyl die belofte*** *om in sy rus in te gaan nog standhou, dit nie miskien sal blyk* ***dat een van julle agtergebly het nie****"* (Heb. 4:1).

"Immers, sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien, deur die kennis van Hom wie ons geroep het deur sy heerlikheid en deug, ***waardeur Hy ons die grootste en kosbare beloftes geskenk het, sodat julle hierdeur deelgenote kan word van die godde-***

like natuur, nadat julle die verdorwenheid ontvlug het wat deur begeerlikheid in die wêreld is" (2Pet. 1: 3-10). *"En mag Hy, die God van die vrede,* ***julle volkome heilig maak, en mag julle Gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse HERE Jesus Christus"*** (1Thes. 5:23).

Maranatha. Kom, HERE Jesus.

500ste Verjaarsdag – Die Einde van die Reformasie

31 Oktober, 2017, gaan as 'n spesiale vakansiedag gevier word regoor Duitsland: Dit is 500 jaar sedert Martin Luther sy 95 stellinge geplaas het by die ingang van die kasteel kerk in Wittenberg op 31 Oktober, 1517, en sodoende die deurbraak van die Hervorming gefasiliteer het. Nou is al die Christelike kerke wat die Nicene Belydenis handhaaf, terug na die skoot van die moederkerk.

Die "Judensau" bleibt

'n Klip kunswerk by die kerk in Wittenberg, dateer terug tot 1305: Dit beeld 'n sog uit met Jode wat haar spene suig. Hierdie kunswerk was bedoel om Jode in die middeleeue te verneder. Daar was 'n inisiatief om die sogenaamde "Judensau" (Joodse Vark) te verwyder, maar die stadsraad en die kerkraad in Wittenberg het daarteen besluit, sodat

dit kan voortgaan om te dien as 'n gedenkstuk teen antisemitisme. Dus, besoekers en afvaardigings van al oor die wêreld kan hierdie simbool van diskriminasie teen die Jode sien met hul eie oë.

Martin Luther het die regverdiging deur geloof ervaar. Versterk deur die Gees van God en gevul met die genade van God, het hy dan die evangelie verkondig en geglo in die voltooide werk van Verlossing deur die Verlosser se dood aan die kruis. Wat hy as 'n ou, siek man gesê het oor die Jode, deur ‘n teleurstelling met 'n Joodse dokter, moet eenvoudig gesien word vir wat dit werd is. Historici is egter geneig om stil te bly oor die feit dat sy uitsprake oor die Jode hul oorsprong in kerklike bevele gehad het, veral by die Lateraanse Raad in 1179.

Die haat teenoor die Jode bestaan al ‘n baie lank tyd. Hul vervolging het begin kort ná keiser Konstantyn in die jaar 311 n.C., die Christendom verklaar het as die staatsgodsdiens in die hele Romeinse Ryk. Met die oog op die kruisiging van Christus, was hulle in die algemeen daarvan beskuldig dat hulle die moordenaars van Christus en van God is.

In die jaar 321 was die Jode verbied om die Sabbat te hou en was gedwing om op Sondag te aanbid. Teen die agtergrond van hierdie tragiese ontwikkelinge het die Raad van Nicaea plaasgevind vanaf 20 Mei tot 25 Julie, 325. Konstantyn was geïnteresseerd in die eenheid van al sy burgers, en het daarom die leiers van die Christelike gelowe wat destyds bestaan het, uitgenooi. Daar het die heidense kerkverteenwoordigers bybelse onderwerpe bespreek; die Woorde van die Heilige Skrif was gebruik en gemisbruik. Die eerste onbybelse geloofsbelydenis, die oor die Drie-eenheid, naamlik dat God bestaan in drie verskillende ewige persone, is geproklameer en was gefinaliseer in 381, by die Raad van Konstantinopel en afgerond met die verklaring dat die Heilige Gees vermoedelik die derde persoon van die Drie-eenheid was.

Die bybelse geloofsbelydenis word slegs in die Bybel gevind, en slegs wat in die Handelinge van die Apostels geskryf is, het ontstaan by die Apostels, en net wat geleer word in die briewe van die apostels is apostoliese leerstellinge. Om getrou te wees aan die Bybel beteken duidelik om te glo presies wat daarin geskryf is!

Die Vroeë Gemeente het volhard in die leringe en praktyke van die apostels: *"En hulle het volhard in die leer van die apostels en in die gemeenskap, en in die breking van die brood en in die gebede"* (Hand. 2:42).

Die ware Gemeente van Jesus Christus is nog *"gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is"* (Efé. 2:20).

Die volle ooreenstemming van Ou en Nuwe Testament is oorweldigend. Vanaf die eerste vers in die Bybel, stel God/Elohim Homself voor as die Skepper. Aan die begin van tyd, het Hy, die Ewige, wie Gees is, uit Sy ewige volheid van gees, lig, en lewe uitgegaan in 'n sigbare vorm as HERE/YAHWEH. Deur Sy Almagswoord, het Hy alle dinge tot stand gebring, die sigbare sowel as die onsigbare. Hy het in die Tuin van Eden gewandel en het die mens na Sy eie beeld geskape.

In die ganse Ou Testament het die HERE God die Plan van Verlossing wat Hy van ewigheid af beoog het, deur Sy profete aangekondig. In die Nuwe Testament word ons reg van die begin van die eerste hoofstuk af, die vervulling van die ou-testamentiese profesieë getoon.

Die hooftema in die hele Heilige Skrif was en is die Godheid. In die 4,000 jaar van die Ou Testament, het die HERE God Homself op verskeie maniere bekend gemaak: as Skepper, Onderhouer, Koning, Regter, ens. Vir ons redding, het Hy Homself openbaar gemaak in die Nuwe Testament as Vader in die Hemel en in Sy Seun op aarde en deur die Heilige Gees in Sy Gemeente. Regdeur die Ou Testament, tot by die profeet Maleági, wie 400 jaar voor Christus gelewe het, het niemand ooit van 'n Vader in die hemel gepraat nie; ook nie 'n enkele keer van 'n Seun nie, of, soos in hierdie prentjie aangedui, van drie ewige persone wat in ooreenkoms en vorm 'n drie-eenheid is nie.



In die Ou Testament gaan dit hoofsaaklik oor die koms van die Messias as die Verlosser. Daar is meer as 100 profesieë wat verwys na die Verlosser, wie uit 'n maagd as die Seun van God gebore sou word: "*Daarom sal die HERE self aan julle 'n teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immánuel noem"* (Jes. 7:14; Jes. 9:5; Miga 5:1; ...).

In die Nuwe Testament, word die geboorte van die Seun van God met presiesheid beskryf. Die engel Gabriël het aan Maria gesê: *"Moenie vrees nie, Maria, want jy het genade by God gevind. En kyk, jy sal wanger word* ***en 'n Seun baar****, en jy moet Hom JESUS noem. Hy sal groot wees* ***en die Seun van die Allerhoogste genoem word****; en die HERE God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee, en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid; en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie. Toe sê Maria vir die engel: Hoe kan dit wees aangesien ek geen man het nie? En die engel antwoord en sê vir haar:* ***Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word****"* (Luk. 1: 30-35).

Die HERE God het Homself persoonlik geopenbaar aan Abraham (Gen. 18), Moses (Exo. 4), en al die profete in die Ou Testament. Maar ten einde ons te verlos van die sonde, moes die HERE self in 'n liggaam van vlees geopenbaar word. Vanaf die tyd van Sy geboorte: *"dat vir julle vandag* ***in die stad van Dawid*** *gebore is die Saligmaker* ***wat Christus, die HERE, is****"* (Luk. 2:11), word die Seun 300 keer na verwys as "HERE". Hy is altyd dieselfde HERE, of dit nou in die Ou of die Nuwe Testament is (Heb. 13:8). "***... niemand kan sê dat Jesus die HERE is nie, behalwe deur die Heilige Gees"*** (1Kor. 12:3b).

Daar is nie 'n enkele Skrif wat verklaar dat God as Vader, die Seun in ewigheid verwek het en Hy daar gebore is nie. Wat die heidense kerkvaders geformuleer het, veral by die Raad van Nicea en toe ook in Konstantinopel, wat daarna toe as die "Apostoliese Geloofsbelydenis" bekend geword het, is heeltemal vreemd aan die Bybel. Dit maak nie saak of dit geskryf is in die Didache of in 'n kategese of 'n kerk se grondwet nie – as dit nie geskryf is in die Heilige Skrif nie, is dit nie bybels nie.

Alle kerke het die reg om te besluit wat hulle wil glo, wat hulle wil leer en wat hulle wil beoefen. Vir ons gaan dit hierom: om net te glo wat die Heilige Skrif eintlik sê. Wat Tertullianus, Athanasius, Augustinus, Hieronymus, en andere gesê het, het die grondslag gevorm vir die staatskerk van die Romeinse Ryk. Bybel-gelowiges kan net glo wat die manne van God, deur goddelike opdrag, met die grondlegging van die nuwe-testamentiese Gemeente vasgelê het. Almal wat hulle op Efésiërs 4:5 beroep: *"Een HERE, een geloof, een doop"*, moet teruggaan na die boek Handelinge en daarin lees hoe die apostels die doop uitgevoer het – Handelinge 2:38; Handelinge 8:16; Handelinge 10:48; Handelinge 19:5.

Nie 'n enkele keer is dit gedoen in 'n Trinitariese formule nie, maar uitsluitlik in die nuwe-testamentiese Verbondnaam waarin God Homself openbaar as Vader in die Seun en deur die Heilige Gees, en dit is "in die Naam van die HERE Jesus Christus". In die oorspronklike teks van Matthéüs 28:19, staan, *"... en doop hulle in die Naam ..."*, nie *name* nie, nie drie titels nie, maar, *in die Naam* gegee bo alle ander name. Die apostels Petrus en Paulus en ook Filippus het die Groot Opdrag akkuraat uitgevoer.

Dit wat die Apostels Petrus, Johannes, Jakobus en Paulus geleer, beoefen en neergeskryf het, mag niemand enigiets daarvan wegneem of enigiets byvoeg nie. Trouens, die ware apostoliese belydenis word uitsluitlik net in die Bybel gevind. Ook is die Nuwe Testament 'n goddelik-gefinaliseerde dokument, waarby niks bygevoeg en waarin niks verander kan word nie (Openb. 22).

In alle waarheid kan ons sê voor die ware en almagtige God, *"Want ons het nie kunstig verdigte fabels nagevolg* ***toe ons julle die krag en koms van onse HERE Jesus Christus bekend gemaak het nie, maar ons was aanskouers van sy majesteit****"* (2Pet. 1:16).

Ons is terug gebring na die oorspronklike Woord wat uitgegaan het uit Jerusalem en ervaar wat God doen gedurende hierdie belangrikste deel in die verlossingsplan. Die bybelse boodskap, waardeur alle dinge herstel en terug gebring word na hul regmatige orde voor God, het die uithoeke van die aarde nou bereik; die harte van God se kinders wêreldwyd is terug gebring na die ware geloof van die vaders.

Die HERE God het Sy skeppingswerk voltooi, en Hyself sal Sy werk van verlossing voltooi deur presies te doen wat Hy belowe het in Sy Woord: ***"Want Hy volbring 'n saak en verkort dit in geregtigheid, omdat die HERE 'n saak wat verkort is, op die aarde sal doen"*** (Rom. 9:28).

"… so sal my woord wees wat uit my mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur" (Jes. 55:11). Amen.

In opdrag van God

Bro. Frank

Sou u belangstel om ons literatuur te ontvang, stuur gerus ‘n epos aan:

(in Afrikaans of Engels): info@pretoriamission.co.za
(Telefoon: +27-12-756-4504)

(in Engels of Duits): volksmission@gmx.de
(Telefoon: +49-2151/545151)

U kan ook inskakel op die Internet vir ons maandlikse uitsending wat val op die naweek van die eerste Sondag van elke maand: op die Saterdag aand om 19h30 (Sentraal-Europese Tyd) en die Sondag oggend om 10h00. Hierdie uitsendings kan in een van tot dertien verskillende internasionale tale gevolg word. Wees deel van God se Verlossingsplan, soos dit nou in vervulling is!

Ons is ook sigbaar op youtube.com onder
“Apostolic Prophetic Bible Ministry”

Internasionale tuisblad: http://www.freie-volksmission.de

© deur die outeer en uitgewer – E. Frank